**Woensdag 31 Januarie**

| Skrifgedeelte: Psalm 139 (1953-vertaling) | Fokusgedeelte: Psalm 139:24 |
|---|---|

# God lei ons op die ewige weg

Psalm 139 handel oor die HERE wat sy kinders, elkeen persoonlik, *ken*. Vanaf vers 1 tot aan die einde van die Psalm loop dit soos 'n goue draad deur die Psalm.

Die HERE ken sy kinders, die HERE ken jou, die HERE ken my, elkeen van ons, tot in die fynste besonderhede. Die wete daarvan om geken te word – om tot in jou binneste geken te word; ja, om selfs van voor jou geboorte af reeds geken te word – dié wete kan groot benoudheid by ons skep.

Maar, en dít is die genade van die evangelie, juis omdat God ons *ken,* omdat God ons "weg van smart", dit wil sê ons ellende, ons sonde, *ken* (:24), kan ons saam met die Psalmdigter bid dat Hy ons op die *"ewige weg sal lei"* (:24).

Jesus Christus het hierdie gebed aan die einde van Psalm 139 vervul, dat God ons *"op die ewige weg moet lei"*. Hy het dit vervul deur Homself as *"die Weg en die Waarheid en die Lewe"* (Joh. 14:6) bekend te maak. Hy, Koning Jesus Christus, dié Weg, het ons immers uitgenooi met die woorde:

*"Kom na My toe, almal wat vermoeid en belas is, en Ek sal julle rus gee. Neem my juk op julle en leer van My, want Ek is sagmoedig en nederig van hart, en julle sal rus vind vir julle siele; want my juk is sag en my las is lig"* (Matt. 11:28-30.)

*Sing: Psalm 139-1:1, 2, 6, 12*

*Dr. VE (Victor) d'Assonville (Marble Hall / Reformatorisch-Theologisches Seminar, Duitsland)*